

**Afskopreeks 2022**  
**Groeigroepmateriaal**  
**Week 1**



Wanneer ons oor geloofsake praat, is die metafoor van 'n pad belangrik: daar's 'n vertrekpunt en 'n eindbestemming en die pad tussen hierdie twee punte is lewensbelangrik. Meeste gelowiges wil weet hoe die pad vorentoe lyk, hulle wil weet wat God se plan is op hierdie reis deur die lewe hier op aarde. Dit is waarom ons 2022 afskop met hierdie reeks...

***In Jesus Spore volgens God se wil***, sodat ons kan **DINK**, kan **WEES** en kan **DOEN** soos Jesus. Dit vra 'n transformasie van denke, hart en dade. Gedurende hierdie reis sal die fokus val op drie belangrike dinge waaroor ons vir die res van hierdie jaar gaan praat: **geloof, hoop en liefde** – hoe om dit deel te maak van ons lewe en die omgekeerde hiervan – ongelooft, wanhoop en haat – uit te werk.

Laat ek jou 'n belangrike vraag vra om oor na te dink: As jy na die Here toe gaan om sy wil te soek, wat wil jy vir Hom vra?

1. Here, wat wil U hê moet ek doen? Waarheen moet ek gaan? Wanneer moet ek gaan? Hoe lank gaan die reis duur? Wie moet ek saamneem? Waar gaan die pad uitkom?
2. Here, wys vir my een tree op 'n slag wat U wil hê ek moet doen en ek sal dit doen.

Reageer ons nie maar almal graag op die eerste manier nie? Ons vra graag vir 'n padkaart vol detail, want ons wil weet, ons wil voorbereid wees en alle risiko's of gevaar vroegtydig uitskakel.

Maar die Here werk nie so nie. Hy sê: *“Jy het nie 'n padkaart nodig nie. Al wat jy moet doen is om My elke dag te volg.”* Jesus self het gesê: *“Ek is die Weg.”* (Joh. 14:6)

Hy het nie gesê: *“Ek sal jou die pad wys nie.”*

Hy het nie gesê: *“Ek sal jou 'n padkaart gee nie.”*

Hy het nie gesê: *“Ek sal jou vooraf al die detail gee nie.”*

Hy het eenvoudig gesê: *“Ek is die Weg.”*

**Leeswerk & vrae:**

1. Kom ek neem jou vir 'n oomblik ver terug, amper na die begin van die Ou Testament. Daar lees ons van Abram wat deur die Here geroep was om op reis te vertrek. Lees Gen. 12:1-5 en verfris jou geheur oor sy roeping.
2. Wat presies het God vir Abram gesê? Hoeveel besonderhede het Hy vir hom gegee? Waarheen moes hy trek?
3. Ons vra dikwels die vraag: wat is God se wil met my lewe? Maar dit is nie die beste vraag om te vra nie. Ons moet eerder vra: Wat is God se wil? Joh. 5:17, 19-20 bied vir ons 'n baie goeie voorbeeld van hoe Jesus sy Vader se wil leer ken en doen het. Lees dit. Wat leer ons hieruit?

4. Ons is dikwels bekommerd oor wat God se plan is, wat ons moet doen... Lees Matt. 6:31-33.
  
5. Kyk nou na Fil. 2:13... Wat sê dit vir ons van God se verbintenis aan ons vir die pad vorentoe?

### **Kom ek vat dit saam...**

As ek een dag op `n slag *In Jesus Spore* loop, volgens God se wil, sal ek binne God se wil bly. Jesus is my weg. Ek het geen ander padkaart nodig nie.

Hier is `n paar belangrike slotopmerkings:

- Ek sal kyk wat God se wil is en hoe Hy in die Skrif werk. Ek sal my besluite en ervarings toets aan Bybelse beginsels.
- Die Bybel is my gids vir geloof en werke.
- Die regte vraag is: Wat is God se wil?
- Kyk waar God aan die werk is en val daarby in.
- God is altyd rondom my aan die werk.

Ons moet eenvoudig leer om onderdanig te wees in ons navolging van Jesus. Lees ten slotte Matt. 20:26-28.

Ons is meestal doenmense wat daarvan hou om besig te bly.

Ek dink God sê: Moenie healtyd iets doen nie! Staans stil, knoop `n liefdesverhouding met My aan en leer ken My. Dan sal jy weet wat om uiteindelik te doen, waarheen om te gaan en hoe om te leef.

Mag jy in hierdie week meer wees as doen, sodat jy uiteindelik kan doen wat God wil.

### **Gebedstyd:**

- Word net eers vir `n paar oomblikke by jouself stil.
- Vra die Here om vir jou sy wil opnuut uit te wys in die komende week.
- Vra Hom hoe jy by sy wil kan aansluit.
- Bid vir die mense op ons voorbiddingslys.
- Bid dat ons afskoppreekreeks ons sal help om in 2022 te vernuwe wat ons denke, harte en dae aanbetref.